BOEKE

# Roman bruis van waag- én weemoed

Deur Annie Gagiano | 12 Mei 2019 00:02 | Rapport

*Al ondersoek Réney Warrington verskeie maatskaplike ongeregtighede in haar tweede roman, 'Smit Motors', raak dié boeiende plattelandse storie nooit prekerig nie, skryf Annie Gagiano.*



Réney Warrington

***Smit Motors* deur Réney Warrington. Uitgewer: Wenkbrou. Prys: R285.**

Réney Warrington se tweede roman, *Smit Motors*, is 'n formidabele én genotvolle leeservaring waarin gewigtige onderwerpe, veral maatskaplike ongeregtighede soos vooroordele teenoor "andershede" (lesbiese seksualiteit, intellektuele gestremdheid, outydse rasbehepthede), skerp onder die soeklig kom – en sonder om ooit prekerig te raak.

Die vertelling is uit die oogpunt van 'n vrou, Petra Smit, dalk in haar laat 30's, wat treur ná die dood van haar geliefde oupa, die enigste familielid wat sy ooit geken het. Sy het by hom grootgeword in 'n gelukkige dog taamlike arm huishouding.

Die emosionele problematiek van verlies word hier aangepak, sowel as (in ander situasies) kwessies soos kinderverlating, voogdyskap, kinderloosheid, swangerskapprobleme, die afskeep en verwaarlosing van kinders en kindermishandeling.

Deur die loop van Petra se natuurlike verteltrant stel sy die leser bekend aan haar verhoudingswêreld soos dit ná haar oupa se dood ontwikkel – ook omdat sy

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. May het 'nuwe Brexit-aanbod'
2. Folau verbeur sy kans om te appelleer
3. Bestuurder hang homself glo ná bus in Welkom omslaan
4. Polisie kry lyk onder bed toe hulle na wapen soek
5. KYK: Harde woorde buite hof in Hofmeyr-vlagsaak

KRY JOOX

Stemme

Murray La Vita
Rubriekskrywer
Murray La Vita is 'n bekroonde rubriekskrywer en profielskrywer vir Netwerk24.



KYK: 'Ons vat onse taal en storie terug'
'Ek is verlief op Muhammad Ali'

SKAKELS

| ALLE REGTE VOORBEHOU © 2019 MEDIA24


... so 'n eiendom besit nie.

> **Die emosionele problematiek van verlies word hier aangepak**


Die nuus oor die erflating het 'n domino-effek op Petra se bestaan, en namate die gevolge daarvan uitkring, leer ken die leser van die mense met wie sy haar lewe deel en dié met wie sy in aanraking kom of verbintenisse vorm gedurende haar tydelike verblyf op Edenville.

Petra is nie 'n alleenloper nie, maar deel 'n lewe, liefdesband en huis (wat eers haar oupa s'n was) met Cyla Haddad. Cyla se deernis vir en geduld met Petra se neerslagtigheid word met waardering beskryf; die twee vroue se begrip vir mekaar se karakter asook hul aanpassing by mekaar – of dit nou hul argitektoniese voorkeure of seksuele smake betref – bewys hoe ver en diep hul "committed[ness]" (bl. 186) strek.

Preutse lesers moet versigtig lees aan die lesbiese liefdestonele en sal in dié verband D.H. Lawrence se onderskeid tussen seks en pornografie nuttig vind. Volgens Lawrence bevuil pornografiese seksbeskrywings menslike liggaamlikheid – vergelyk dit gerus met Warrington se openlike, gedetailleerde dog smaakvolle beskrywings van hoe Cyla en Petra hul liefde seksueel met mekaar deel. Die verhouding word deur die loop van die verhaal op baie maniere getoets en sterk genoeg bevind.

Cyla se groot, warm Libanees-Afrikaanse familie help om haar klein winkel-onderneming aan die gang te hou terwyl sy Petra vergesel om na die Edenville-gebou te gaan kyk.

Die gebou is tot hul verbasing nuutgeverf; die eiendomsagent lig hulle in dit is die handewerk van die dorp se slagter, Hannes Venter, wat so vas oortuig is Petra sal die plek aan hom verkoop dat hy ook reeds 'n klomp van sy motorwrakke op die werf "stoor". Ook die elektrisiteit in die gebou werk weer danksy Hannes se voortvarendheid. Hy besit die huis langs die werkswinkel, en daar is net 'n stukkende draad tussen hulle.



| ALLE REGTE VOORBEHOU © 2019 MEDIA24





Dieselfde aand reeds stel Cyla voor dat Petra, wat ná een gepubliseerde roman aan skrywersblok ly, vir 'n paar weke op die dorpie moet kom bly. Petra keer inderdaad spoedig terug met skoonmaak- en ander gereedskap en lewensmiddele op haar bakkie gelaai.

Sommer gou klop 'n sterk maar ooglopend sagmoedige jong man, Arno, aan haar hek en vra of hy kan "help". Hy hou geen bedreiging in vir die versigtige Johannesburgse alleenvrou nie, maar plaas Petra wel in 'n situasie waar sy versigtig moet optree om nie sy gevoelens seer te maak óf sy energie en gewilligheid uit te buit nie.

Sy vind uit dat Arno by sy ouma woon – duidelik 'n soort spieëlbeeld van Petra en haar oupa, en, soos sy, is hy die kind van 'n ma wat hom nie kon hanteer nie – hoewel hy, anders as Petra, ook 'n mate van breinskade oorgehou het.

Arno se 90-jarige ouma, mev. Margaret Naudé, is hierdie leser se gunsteling-karakter. Sy is 'n bietjie van 'n grande dame by wie Arno sy goeie maniere geleer het, en sien gou (maar hoegenaamd sonder enige vooroordeel!) deur Petra se poging om ter wille van ordentlikheid haar lesbiese liefde vir Cyla weg te steek. "Ag toe nou, hartjie. Dit het oor jou hele gesig gestaan die eerste keer wat jy haar naam genoem het," is tannie Naudé se tergende kommentaar en, nadat Petra vir haar 'n foto van Cyla gewys het, sê sy: "Magtag, maar jy het goeie smaak" (bl. 151).

Tannie Naudé en Arno staan in elk geval ook, soos Petra (soos die ou dame aan Petra verduidelik) "buite die wêreld" (bl. 186). Danksy hul natuurlike toegeneentheid weet die tannie sy kan Arno aan Petra (en later ook aan Cyla) toevertrou.

Petra se situasie op Edenville word bemoeilik deur die slagter-buurman, 'n boelie en 'n vark, se groeiende hatigheid teenoor haar: Nie net weier sy om die ou werkswinkel aan hom te verkoop nie en staan sy haar vrou teenoor hom nie (iets waaraan Hannes hoegenaamd nie gewoond is nie), maar sy eie afgeskeepte en mishandelde seuntjie, Monty, wat op minstens vier jaar oud nog nie 'n woord praat nie, soek by Petra (en Arno) skuiling, vriendelikheid, speelgoed – en kos.

Monty se ma, Vanessa, is 'n vae karakter, 'n voosgeslaande vrou wat hoegenaamd nie hul kind teen die pa se uitbarstings beskerm nie. Die vrou wat dít probeer doen het vandat Monty 'n baba was – in die mate waartoe sy dit in hierdie rassistiese omgewing kon regkry – is Johanna wat vir 'n karige loon en 'n paar stukke taai vleis as skoonmaker en kinderoppasser by die Venters werk.

Die leser hoor nooit wat haar van is nie, net dat sy by haar vriendinne in die township weggooistukke vleis ruil vir potlode en stukkende speelgoed om vir Monty te gee. Net so weet ons dat sy, wat graag vir Monty sou wou red deur hom aan te neem, nooit die kans gegun sal word nie. Johanna is kinderloos en het "natuurlik" nie Cyla (en Petra) se vermoëns om die toestand medies te laat behandel nie. Haar eksman het haar juis hieroor gelos. Johanna plant tamaties by haar plek in die township sodat sy en Monty darem af en toe gesonde groente saam met vleis en brood kan inkry.

Arno is baie sensitief en raak gou lief vir die afgeknoude Monty, aan wie hy uitvoerig verduidelik hoe om groente te kweek (hy hou 'n groentetuin vir sy ouma aan die gang en het ook by Petra se huis een aangelê). Petra weet die situasie begin gevaarlik raak, maar ook dat sy nie vir Arno kan lieg toe hy vir haar sê-vra oor Monty nie: "Sy ma en pa maak hom seer, nè?" Die slagter se dreigemente begin met 'n diep krap langs een

| ALLE REGTE VOORBEHOU © 2019 MEDIA24


Diegene wat meen ek het reeds te veel uitgelap in hierdie resensie, sal wel met hul eie lees van die roman agterkom dis 'n komplekse storie met nog baie ander draaie en dinge.

*Smit Motors* is 'n boeiende storie vol waagmoed en weemoed, humor en tragedie – en 'n uiters groothartige en waardige debuut vir Lapa se nuwe druknaam, Wenkbrou.

**Annie Gagiano is emeritus-professor in Engels aan die Universiteit Stellenbosch.**

**Meer oor:** Réney Warrington | Smit Motors | Resensie

## Nog stories

**Réney Warrington: 'Houtwerk, afleiding en herinnering'**

**Réney Warrington: Soms moet jy jou drome neerskryf**

## MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

## Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier

Comments for this thread are now closed ×

0 Comments Netwerk24 reney w

Recommend Tweet Share Sort by Best

This discussion has been closed.

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd